



Opkomende Tender in *Porterville...*

WEB VERW: RL5767 | POA

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

Opkomende Tender in *Porterville...*

WEB VERW: RL5767 | POA

Tender Sluit:	Vrydag 28 Februarie 2025 om 12H00
Besigtig:	Slegs per afspraak
Plek:	BKB Gebou, Ceciliaplein, Paarl
Webwerf:	Click here

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS



MEMBER OF THE BKB GROUP

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Eiendom te Koop in *Porterville*...

290,6214 HA SAAIPLAAS TE KOOP PER TENDER

286 Ha goeie bewerkbare saailande verdeel in 6 kampe.

Grond ontledings beskikbaar.

Hierdie eenheid is in die kroon van Porterville se saai gebied.

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM



MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Opkomende Tender in *Porterville*

WEB VERW: RL5767 | POA



HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM





MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Poskantoor
142.83 ha

Louw Jac



 Dam

TECHNIFARM


Preziese Boerdery

Poskantoor

Totaal opp: 154,7 ha

Bewerkbaar: 144,0 ha

№	Naam	Grond	Bewerk.
K1	Boompolder Kamp	52,1 ha	47,0 ha
K2	Polder Kamp	46,3 ha	42,1 ha
K3	Rooi Kamp	56,3 ha	54,9 ha



Eiendoms Beskrywing in *Porterville*...

WEB VERW: RL5767 | POA

Geregistreerde Eienaar:

Registrasienommer:

Titel Akte Beskrywing:

TRUSTEES INDERTYD VAN DIE TWEEVLEI TRUST

IT1377/96

1. EEN HALWE AANDEEL IN GEDEELTE 9 (GEDEELTE VAN 6) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210 ,
AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP.

EEN HALWE AANDEEL IN GEDEELTE 9 (GEDEELTE VAN 6) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210 ,
AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP

Grootte:

138,9895 HA

2. RESTANT VAN GEDEELTE 6 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 2) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210,
AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP.

Grootte:

151,6319 HA

Totale Grootte:

290,6214 HA

VRYWARING: Nieteenstaande alle redelike voorsorg getref vir die verkryging van die korrekte inligting, waarborg nóg Home and Hectare (PTY) LTD, nóg enige van sy filiale of verwante maatskappye, nóg die Verkopers, die korrektheid van die inligting, en sal geeneen van die voorafgenoemde aanspreeklik gehou word vir enige direkte skade of verlies, van welke aard ookal, gely deur enige persoon as gevolg van foute of weglatings in die inligting verskaf nie, hetsy toe te skryf aan die nalatigheid of andersins van Home and Hectare (PTY) LTD, sy filiale of verwante maatskappye, die Verkopers, of enige ander persoon.

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM



MEMBER OF THE BKB GROUP

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

Kontak...

WEB VERW: RL5767 | POA

Appie Maritz

082 825 3895

appie.maritz@homeandhectare.com

Albie Loubser

082 573 9902

albie.loubser@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

HOME & HECTARE
REAL ESTATE SPECIALISTS



MEMBER OF THE BKB GROUP

Tel : +27 (0)41 581 1744
Email : info@homeandhectare.com

WWW.HOMEANDHECTARE.COM

43B, 6th Avenue Walmer, Port Elizabeth, Eastern Cape, 6001
61 Grahamstown Rd, North End, Port Elizabeth 6001 | PO Box 2002, North End 6056
Company Registration No: 1967/004920/07. Registered with PPRA | Active Trust Account

VOORWAARDES VAN TENDER EN VAN VERKOOP

VOORWAARDES waarop: **HOME & HECTARE (EDMS) BEPERK**
(hierna genoem **HOME & HECTARE**)

behoorlik daartoe gelas deur: **DIE TRUSTEES INDERTYD VAN DIE TWEEVLEI TRUST**
REGISTRASIENOMMER: IT 1377 / 1996
(hierna genoem die **VERKOPER**)

per openbare tender aanbied die volgende eiendom, naamlik:

1. EEN HALWE AANDEEL IN GEDEELTE 9 (GEDEELTE VAN 6) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210 AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP. TITELAKTE: T100145/2006

EEN HALWE AANDEEL IN GEDEELTE 9 (GEDEELTE VAN 6) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210, AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP. TITELAKTE: T28750/2015

Grootte: 138,9895 HA

2. RESTANT VAN GEDEELTE 6 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 2) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210, AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP. TITELAKTE: T13192/2006

Grootte: 151,6319 HA

Totale Grootte: 290,6214 HA

(hierna genoem die **EIENDOM**)

DIE VERKOPING SAL AAN DIE VOLGENDE TERME EN VOORWAARDES ONDERHEWIG WEES:

1. Die **VERKOPER** sal nie verplig wees om die hoogste, of enige tender te aanvaar en/of redes te verskaf vir aanvaarding aldan nie.
2. Die verkoping sal geskied in terme van die Suid-Afrikaanse geldeenheid.
3. Ingeval die **EIENDOM** vir 'n derde party gekoop word, dog die nodige magtiging nie onmiddellik tot bevrediging van **HOME & HECTARE** getoon word nie, sal die werklike **TENDERAAR** aanspreeklik gehou word vir die behoorlike afsluiting van die koop, ooreenkomstig hierdie voorwaardes van verkoping.
4. Indien die **KOPER** hierdie tender namens 'n maatskappy/beslote korporasie/trust onderteken, waarborg die **KOPER** hiermee aan beide die **VERKOPER** en **HOME & HECTARE** dat die maatskappy/beslote korporasie/trust hierin beskryf as die **KOPER**, 'n bestaande maatskappy/beslote korporasie/trust is en geregistreer is in terme van relevante Wetgewing. Die **KOPER** verklaar verder dat hy/sy gemagtig is om namens die maatskappy/beslote korporasie/trust op te tree.
5. Indien die **KOPER** hierdie tender as trustee of agent vir 'n maatskappy/beslote korporasie wat opgerig staan te word, onderteken, sal dit geag word dat die **KOPER** in sy persoonlike hoedanigheid kragtens hierdie tender die **EIENDOM** gekoop het, tensy gemelde maatskappy/beslote korporasie binne 30 (dertig) dae na die datum van ondertekening deur die **VERKOPER**, ingelyf word en die voorwaardes bekragtig, in welke geval die **KOPER** hom hiermee teenoor die **VERKOPER** as borg en mede-hoofskuldenaar *in solidum* met sodanige maatskappy/beslote korporasie vir die tydige en behoorlike nakoming deur laasgenoemde van al dié se verpligtinge as **KOPER** kragtens hierdie voorwaardes verbind.
6. Die **EIENDOM** word verkoop volgens die bestaande Kaart(e) en Transportakte(s) van die **VERKOPER** wat op versoek getoon sal word en die **VERKOPER** is nie aanspreeklik vir enige verskil of tekort wat by enige heropmeting van die **EIENDOM** bevind mag word nie en die **VERKOPER** doen afstand van enige oorskot wat by sodanige heropmeting bevind mag word. Die **EIENDOM** word verder verkoop onderworpe aan al die voorwaardes en servitute, indien enige, wat in verband daarmee mag bestaan, of wat uiteengesit of na verwys word in die gemelde Transportakte(s) van die **VERKOPER**.

7. Die **EIENDOM** word “voetstoots” verkoop met alle geboue en verbeterings daarop in die toestand waarin dit tans verkeer, en die **VERKOPER** is nie verantwoordelik vir enige gebreke, hetsy openbare of verborge nie en dit word hiermee verklaar dat geen waarborge stilswyend of uitdruklik ten opsigte van die eiendom met verbeterings en/of produksievermoë gegee is nie. Die **TENDERAAR** erken en verklaar dat hy die **EIENDOM** en alle verbeterings daarop (voltooi en half voltooid) noulettend geïnspekteer het en dat hy vertrouwd en tevrede is met die toestand van die gemelde **EIENDOM**.
8. Tenders sluit om **12H00** op **VRYDAG 28 FEBRUARIE 2025**
Behoorlik voltooide tenders, in verseëelde koeverte en duidelik gemerk:
“**TENDER: PORTERVILLE**” moet die kantore van **HOME & HECTARE (Edms) Beperk,**
BKB GEBOU, CECILIASTRAAT 100, PAARL
bereik voor of op **12H00** op **VRYDAG 28 FEBRUARIE 2025**
9. Die verkoping is onderhewig aan die goedkeuring van die **VERKOPER** en die **TENDERAAR** sal derhalwe met sy borge, indien enige, deur sy tender gebind wees tot **12H00** op **7 MAART 2025** voor welke tyd en datum hy in kennis gestel sal word of die koop bekragtig word of nie. Indien die koop nie bekragtig word nie, sal alle gelde deur die **TENDERAAR** betaal, of gedeponeer, soos hierin van hom vereis, onmiddellik sonder rente, tensy anders ooreengekom, aan hom terugbetaal word.
 - 9.1 Die **TENDERAAR/KOPER** verklaar hiermee dat hy of sy genomineerde by die telefoonnommer / epos adres soos wat hy by die ondertekening van hierdie voorwaardes aan **HOME & HECTARE** sal voorsien, beskikbaar sal wees tot die tyd en datum soos in klousule 9 vermeld om bekragtigting al dan nie van die koop te ontvang. Indien die **KOPER** of sy genomineerde nie beskikbaar is ten tye van bekragtigting van die koop, sal bekragtigting van die koop aan die **KOPER** geag gekommunikeer te wees by ondertekening van hierdie voorwaardes deur die **VERKOPER**.
10. Behalwe waar daar andersins met **HOME & HECTARE** gereël is, sal die koopprys van die **EIENDOM** soos volg betaal word:
 - 10.1 ‘n deposito van **5 % (VYF PERSENT)** van die koopprys betaalbaar by wyse van ‘n Elektroniese Fondsoorplasing (EFT) op die dag van aanvaarding van die tender, welke kontant of tjek aan die oordragprokureur oorhandig sal word vir inbetaling in ‘n rentedraende trustrekening vir krediet van die **KOPER** en die balans van die koopprys by registrasie van transport van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**.
 - 10.1.1 Die **KOPER** sal binne **45 (VYF EN VEERTIG)** dae nadat die verkoping bekragtig is, soos hierbo vermeld, vir die krediet van die **VERKOPER** ‘n bank of ander aanneemlike onherroepelike waarborg, betaalbaar vry van bankkommissie of wisselkoers op sodanige plekke en aan sodanige persone of instansies soos deur die **VERKOPER** of sy Agent aangewys, voorsien vir die behoorlike betaling van die balans van die koopprys.
 - 10.1.2 Die **KOPER** sal maandeliks okkupasierente op die balans van die koopprys betaal, bereken soos wedersyds ooreengekom deur alle partye, betaalbaar op die eerste dag van besit en okkupasie en op die eerste dag van elke daaropvolgende maand (pro-rata bereken vir enige gedeelte van ‘n maand).
11. Besit en okkupasie van die **EIENDOM** sal, onderhewig aan die voorwaardes in klousule 12 uiteengesit, aan die **KOPER** verleen word op **REGISTRASIE** vanaf welke datum die **EIENDOM** met geboue en verbeterings die algehele risiko van die **KOPER** sal wees en die wins of verlies in verband met die **EIENDOM** aan die **KOPER** sal toekom.
12. Die **EIENDOM** word verkoop onderhewig aan die regte en belange van die bestaande huurder(s), indien enige, en sal die **KOPER** self reëlings met die huurder(s) moet tref vir die ontruiming van die perseel/persele, teen datum van besitname. Enige huurgeld wat egter deur die **VERKOPER** ontvang word vir ‘n periode na datum van besitname, sal aan die **KOPER** vergoed word.
13. Transport van die **EIENDOM** in naam van die **KOPER** sal waargeneem word deur die **VERKOPER** se Prokureurs.
14. Vanaf datum van besit en okkupasie, sal die **KOPER** verplig wees om alle verbeterings op die **EIENDOM** op sy koste omvattend te verseker en sodanige versekeringspolis aan die **VERKOPER** as meegaande sekuriteit te sê, totdat hy transport ontvang en die volle koopsom vereffen het.
15. Die **KOPER** is verder verantwoordelik vir die volgende:
 - 15.1 Betaling van agentekommissie teen ‘n koers van **6 % (SES PERSENT)**, bereken op die volle koopsom, plus BTW teen die heersende koers, aan **HOME & HECTARE** welke kommissie geag verdien sal wees by aanvaarding van hierdie tender deur die **VERKOPER** en betaalbaar sal wees op datum van aanvaarding.

Indien die **VERKOPER** of **KOPER** versuim om hul verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms na te kom, sal **HOME & HECTARE** die reg hê om sodanige kommissie te verhaal van die party wat kontrakbreuk gepleeg het. Dit word op rekord geplaas dat, indien hierdie koop gekanselleer word met wedersydse toestemming, **HOME & HECTARE** geregtig sal wees op die kommissie ingevolge hierdie ooreenkoms, welke kommissie betaalbaar sal wees deur die **VERKOPER** en die **KOPER** gesamentlik en afsonderlik.

Die **VERKOPER** en **KOPER** verklaar dat **HOME & HECTARE** die effektiewe oorsaak van hierdie koop is en bevestig die **KOPER** dat geen ander agent of agentskap die **EIENDOM** aan die **KOPER** bekend gestel het nie.

Die **VERKOPER** en **KOPER** erken dat **HOME & HECTARE** 'n party tot hierdie ooreenkoms is en word die voordele hiervan deur **HOME & HECTARE** aanvaar.

- 15.2 Betaling van alle belasting of heffings betaalbaar of reeds betaal ten opsigte van bogemelde **EIENDOM** pro rata bereken vanaf die datum waarop die **KOPER** besit van die **EIENDOM** ontvang.
 - 15.3 Betaling van hereregte ingevolge die Wet op Hereregte van 1949 soos gewysig, of BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde), wat ook al van toepassing is.
 - 15.4 Betaling van die koste van die Landmeter vir aanduiding van die grond en die vasstelling van die bakens, indien benodig.
 - 15.5 Betaling van alle transportkoste betaalbaar ingevolge Regulasie 85 van die Registrasie van Aktes Wet Nr. 47 van 1937, soos gewysig, insluitende betaling vir die verkryging van enige permit, uitklaringsertifikaat of amptelike toestemming wat benodig mag word kragtens die voorwaardes van enige Wet op grondbewaring, onderverdeling van landbougrond en die bewaring van natuurlike hulpbronne en fisiese beplanning.
 - 15.6 Betaling van die koste verbonde aan die verkryging van 'n gesertifiseerde afskrif van die Kaart, of Kaarte, ten opsigte van die bogemelde **EIENDOM**, indien benodig.
 - 15.7 Verkryging van en betaling vir nuwe kaarte, indien 'n heropmeting, onderverdeling of konsolidasie nodig mag wees.
16. Waar van toepassing is die **VERKOPER** verantwoordelik vir die verkryging en betaling vir 'n sertifikaat (elektriese bedradingsertifikaat) in ooreenstemming met die Bewoningsveiligheidswet nr 85 van 1993 soos gewysig. Die **VERKOPER** sal binne 14dae nadat voorwaardes nagekom is, die oordragkoste deur die **KOPER** betaal en alle dokumentasie onderteken is, die genoemde sertifikaat aan die transportbesorger oorhandig. Indien die **VERKOPER** in gebreke bly om die sertifikaat te voorsien sal die **KOPER** die reg besit om die sertifikaat te verkry en magtig die **VERKOPER** die transportbesorger om kostes, ten einde die sertifikaat te verkry, te vorder van die netto opbrengs en aan die **KOPER** te vergoed. Die **VERKOPER** onderneem om geen veranderinge aan te bring aan elektriese installasies nadat die sertifikaat uitgereik en aan die transportbesorger gelewer is nie.
17. Die **KOPER** is verplig om soos versoek deur die oordragprokureur, na bekragtiging van die koop, 'n geldige inkomstebelasting vrywaringsertifikaat te voorsien.
18. Hierdie ooreenkoms sal nie ongeldig verklaar kan word as gevolg van enige fout in die beskrywing (soos hierin vervat) van die **EIENDOM** nie. Die **VERKOPER**, of **KOPER**, sal as gevolg van sodanige fout nie geregtig wees om 'n eis vir enige skadevergoeding die een teen die ander in te stel nie, maar die fout sal, onmiddellik nadat dit ontdek word, reggestel word.
19. Die **VERKOPER** en **KOPER** erken dat hierdie ooreenkoms die algehele ooreenkoms tussen hulle bevat. Verder sal geen afwyking van die voorwaardes hiervan geldig wees nie, tensy dit op skrif gestel word en deur beide die **VERKOPER** en **KOPER** onderteken is.
20. Ingeval die **KOPER** sou nalaat om al die voorwaardes van hierdie voorwaardes van verkoop getrou en stiptelik na te kom of uit te voer, sal die **VERKOPER** in sy uitsluitlike keuse, die reg besit om spesifieke nakoming van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms teen die **KOPER** af te dwing, of anders kansellasie van hierdie ooreenkoms te eis.
- In laasgenoemde geval sal die **VERKOPER** die reg besit om die **EIENDOM** weer in besit te neem, tesame met alle verbeterings daarop, in welke geval die **KOPER** onderneem om die **EIENDOM** binne 48 uur na ontvangs van skriftelike kennisgewing deur die **VERKOPER** van sodanige nie-nakoming van enige van die voorwaardes, te ontruim en weer in besit te plaas van die **VERKOPER**. Die **KOPER** sal verder nie geregtig wees om enige vergoeding hoegenaamd te eis nie ten opsigte van enige verbeterings deur hom op die **EIENDOM** aangebring of ten opsigte van enige geboue of enige oprigtings van welke aard of soort deur hom op die **EIENDOM** aangebring.
21. Dit word hiermee uitdruklik verklaar en ooreengekom dat alle gelde betaal deur die **KOPER** deur die **VERKOPER** behou kan word tot tyd en wyl die **VERKOPER** se skade per ooreenkoms of deur 'n Hofbevel, bepaal was, waarna die balans, indien enige, aan die **KOPER** terugbetaal sal word, of die **KOPER** aanspreeklik sal wees vir betaling van enige tekort, na gelang van die geval, welke bepaling in werking sal tree indien die **KOPER** enige voorwaarde van hierdie ooreenkoms sou verbreek. Hierdie bepaling benadeel geensins die **VERKOPER** se regte om enige aksie vir skadevergoeding teen die **KOPER** in te stel wat hy regtens mag hê nie.
- Ingeval van kansellasie van hierdie verkoping, sal die **VERKOPER** ook die reg besit, maar nie verplig wees nie, om die eiendom onmiddellik te herverkoop ten einde sy eis vir skadevergoeding teen die **KOPER** te bepaal. Die **KOPER** sal verantwoordelik wees vir enige tekort wat die **VERKOPER** mag ly as gevolg van enige herverkoop, asook vir betaling van enige koste deur die **VERKOPER** aangegaan in verband daarmee.
22. Nieteenstaande teenstrydighede met enige van die voorwaardes van die Algemene Reg soos van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika, of enige van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms, hetsy uitdruklik of by implikasie, sal geen toegewing of verlening van uitstel deur die **VERKOPER** aan die **KOPER** toegestaan ten opsigte van enige betaling of handeling hierin beding vir die uitvoering deur die **KOPER** in enige opsig, beskou word as 'n afstanddoening deur die **VERKOPER** van sy reg om te enige tyd en sonder kennisgewing te eis dat elke afsonderlike voorwaarde van hierdie ooreenkoms stiptelik deur die **KOPER** nagekom sal word.

23. Die **KOPER** stem hiermee (kragtens die bepalings van Artikel 45 van Wet 32 van 1944, of enige wysiging of vervanging daarvan) toe dat die **VERKOPER** enige regsgeding wat hy teen die **KOPER** mag instel vir die afdwing van sy regte en regsmiddels onder die ooreenkoms, dit mag doen in die Landdroshof van enige distrik wat jurisdiksie het ten opsigte van die **KOPER** kragtens Artikel 28 van die voormelde Wet, of enige wysiging of vervanging daarvan, met dien verstande dat die **VERKOPER** in sy uitsluitlike diskresie die reg sal hê om 'n regsgeding teen die **KOPER** in te stel in enige Hooggeregshof met bevoegde jurisdiksie.
24. Behalwe in sover daar hierin uitdruklik voorsiening voor gemaak word, aanvaar die **KOPER** nie verantwoordelikheid vir enige verpligtings van die **VERKOPER** ten opsigte van die **EIENDOM** nie, hetsy kontraktueel of wat andersins op die **KOPER** mag oorgaan as gevolg van enige Wet, Ordonnansie, Regulasies of Plaaslike Verordening en die **VERKOPER** sal verantwoordelik wees om sodanige verpligting na te kom en betaling te maak van enige bedrag verskuldig in terme daarvan.
25. Alle aanbiedinge wat na die sluitingsdatum van die tender maar voor datum van bekragtiging gemaak word, sal direk aan **HOME & HECTARE** gemaak word. Geen aanbod sal deur die **VERKOPER** aanvaar word nie tensy dit deur **HOME & HECTARE** gemaak word. **Die hoogste tenderaar sal 'n reg van eerste weiering hê vanaf die sluitingsdatum van hierdie tender tot datum van bekragtiging.**
26. Die **VERKOPER** verklaar dat die **EIENDOM** soos hierin vermeld nie onderhewig is aan enige huurooreenkoms, vruggebruik en/of reg van gebruik nie en dat geen opsie en/of voorkoopsreg en/of reg van eerste weiering aan enige persoon hoegenaamd gegee is ten opsigte van die **EIENDOM** nie.
27. Die **VERKOPER** en die **KOPER** kies *domicilium citandi et executandi* by die adresse soos hierin verskaf en enige kennisgewing aan die partye sal geag word behoorlik gedien te wees indien afgelewer by sodanige adresse.
28. Die **VERKOPER** verklaar verder dat voldoen is aan alle relevante wetgewing byvoorbeeld Waterwet, Wet 36 van 1998, en vrywaar die **KOPER** en/of **HOME & HECTARE** van enige hofgeding wat hieruit mag voortspruit.
29. Alle inligting verskaf deur **HOME & HECTARE** rakende die eiendom is gedoen namens die **VERKOPER** en geen eise kan ingestel word teen **HOME & HECTARE (Edms) Bpk** as die agent nie.
30. Die **VERKOPER** waarborg hiermee dat benewens die eienaar, sy familie en huurders, alle plaaswerkers of okkupeerders op die **EIENDOM** soos omskryf in Artikel 1 van Wet 3 van 1996 (hierna verwys na as die grondhervormingswet) of okkupeerders soos omskryf in Artikel 1 van Wet 62 van 1997 (hierna verwys as die verblyfregwet of ESTA) nie onwettige okkupeerders soos gedefinieer in Artikel 1 van Wet 19 van 1998 (hierna verwys na as die onwettige uitsettingswet) is nie.
- Dit word hiermee bevestig dat die **VERKOPER** alle arbeiders en okkupeerders aan die **KOPER** uitgewys het.
- Die **VERKOPER** waarborg dat daar geen ander arbeiders of okkupeerders op die **EIENDOM** is behalwe die wat uitgewys is.
- Die **VERKOPER** waarborg dat hy geen toestemming in terme van ESTA aan enige persoon gegee het nie, behalwe vir die bestaande okkupeerders wat reeds uitgewys is, om die grond te okkupeer soos beoog in Hoofstuk 3 van Wet 3 van 1996 en waarborg verder dat daar geen aksies hangende is in terme van Hoofstuk 3 van die grondhervormingswet nie.
- Die **VERKOPER** aanvaar volle verantwoordelikheid ten opsigte van alle arbeidsaangeleenthede soos volledig omskryf in die volgende wetgewings:
- Grondhervormingswet – Wet 3 van 1996
Verblyfregwet of ESTA – Wet 62 van 1997
Onwettige Uitsettingswet – Wet 19 van 1998.
31. Die **VERKOPER** en **KOPER** kom soos volg ooreen:
- 31.1 Die koopprys sluit BTW uit.
- 31.2 In geval waar BTW betaalbaar is op die koopprys as gevolg van die verkoping, moet die **KOPER** sodanige BTW addisioneel tot die koopprys onmiddellik op aanvraag aan die **VERKOPER** se prokureurs betaal.
- 31.3 Waar die koers waarteen BTW gehef word verander na afloop van die datum van ondertekening hiervan deur die **KOPER** en in omstandighede waarin die gewysigde koers van toepassing is op hierdie transaksie, dan sal die koopprys dienoreenkomstig aangepas word met die bedoeling dat die **VERKOPER** dieselfde bedrag sal ontvang en behou na afloop van betaling, ongeag die koers waarteen BTW gehef word.
32. **VERBRUIKERSBESKERMINGSWET**
- 32.1 Die **VERKOPER** waarborg aan die **KOPER** en agent dat hy nie op 'n deurlopende basis betrokke is met die verkoping van eiendom nie en die eiendom dus nie verkoop word in die normale loop van sy besigheid nie.
- 32.2 Beide die **VERKOPER** en **KOPER** is bewus dat die **VERKOPER** se waarborg beteken dat die Verbruikersbeskermingswet nr 68 van 2008 nie van toepassing is op die koopkontrak nie en dus nie deur die genoemde wet beheer word nie.
33. **VREEMDE EN INDRINGER SPESIE REGULASIES**
- Die **VERKOPER** erken hiermee sy verpligting om skriftelik aan die **KOPER** te bevestig dat daar geen indringer spesies soos aangedui in

Hoofstuk 2 van die Vreemde en Indringer Spesie Regulasies 2014 op die eiendom teenwoordig is en bevestig hiermee dat geen sodanige indringer spesies teenwoordig is op die eiendom nie, of alternatiewelik dat 'n lys van die indringer spesies skriftelik aan die **KOPER** beskikbaar gemaak sal word voor registrasie van die **EIENDOM** in die naam van die **KOPER**.

BYKOMSTIGE VOORWAARDES

POPIA

Die Verkoper/s en die Koper/s gee hiermee toestemming aan **HOME & HECTARE** wat betrokke is by die verkoop, en aan die Akteprokureurs wat die oordrag van die eiendom sal registreer, om ons persoonlike inligting te verwerk vir alle doeleindes wat verband hou met hierdie verkoop, ooreenkomstig die bepalinge van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting.

Hiermee verleen ons toestemming om Future Real Estate-verwante bemaking van **Home & Hectare** te ontvang:

VERKOPER	JA	NEE	PARAFEER:
KOPER	JA	NEE	PARAFEER:

TENDER

Ek/Ons, die ondergetekende(s)

NAAM: _____

ID/REG NR.: _____ SELFOON NR.: _____

ADRES: _____

E-POS: _____ BTW NR.: _____

bied hiermee aan die bedrag van R _____

(woorde: _____) vir die aankoop van die eiendom(me)
soos hierin vervat, onderhewig aan hierdie voorwaardes van tender en van verkoping.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 _____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

TENDERAAR / KOPER

TENDERAAR / KOPER SE EGGENOOT/EGGENOTE

Ek, die tenderaar/koper se eggenoot/eggenote

NAAM: _____

ID NR.: _____ SELFOON NR.: _____

ADRES: _____

EPOSADRES: _____

verleen hiermee my toestemming tot die aankoop van die eiendom(me) soos hierin vervat.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 _____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

TENDERAAR/KOPER SE EGGENOOT/EGGENOTE

AANVAARDING

Die hierinvermelde Tenderaar se tender word hiermee aanvaar en die koop word bekragtig deur my/ons, die Verkoper/s

NAAM: _____

ID/REG NR.: _____ SELFOON NR.: _____

ADRES: _____

E-POS: _____ BTW NR.: _____

Ek stel aan as Prokureur(s): _____ om die registrasie van transport van die Eiendom aan die Koper te behartig.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

VERKOPER

VERKOPER SE EGGENOOT/EGGENOTE

Ek, die ondergetekende eggenoot/eggenote van die hierinvermelde Verkoper, verleen hiermee my toestemming tot die verkoping van die Eiendom soos hierin omskryf,

NAAM: _____

ID NR.: _____ SELFOON NR.: _____

ADRES: _____

EPOSADRES: _____

verleen hiermee my toestemming tot die aankoop van die eiendom(me) soos hierin vervat.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

VERKOPER SE EGGENOOT/EGGENOTE

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

nms: HOME & HECTARE (EDMS) BEPERK

SKEDULE 1

1. SPESIALE VOORWAARDES

Die verkoop van hierdie eiendom is onderworpe aan die volgende spesiale voorwaardes:

	JA	NEE
1.1 Vruggebruik		X
1.2 Serwitude	X	
1.3 Waterregte		X
1.4 Lopende Saak		X
1.5 Huurooreenkomste		X

GETEKEN DEUR VERKOPER TE _____ OP DIE ____ DAG VAN _____ 20__

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

VERKOPER

GETEKEN DEUR KOPER TE _____ OP DIE ____ DAG VAN _____ 20__

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

KOPER

BORGAKTE

Ek/ons die ondergetekende(s),

ID NOMMER: _____

verbind hiermee myself / onself as borg en medehoofskuldenaar/s in solidium vir en namens die **KOPER** tot en ten gunste van die **VERKOPER** en die **AFSLAER** in verband met alle verpligtinge van die **KOPER** onder voorgaande verkoopsvoorwaardes en in besonder vir alle bedrae geld wat verskuldig mag wees, insluitende skadevergoeding as gevolg van watter rede ook al en doen afstand van die voordele van verdeling en uitwinning. **Verder erken ek/ons dat ek/ons ten volle bewus is van al die bepalinge en voorwaardes van die verkoopsvoorwaardes soos voorgaande uiteengesit.** Ek/ons aanvaar *domicilium et executandi* by die adres wat hierna hierin vermeld word.

GETEKEN TE _____ OP DIE ____ DAG VAN _____ 20____

AS GETUIES:

1. _____

BORG

2. _____

HOME & HECTARE (EDMS) BPK
behoorlik gemagtig

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE LEDE

VAN _____

GEHOU TE _____ OP _____

OOREENGEKOM DAT:

1. DIE BESLOTE KORPORASIE KOOP die volgende EIENDOM

van _____

vir die bedrag van R _____

2. Dat _____ in sy hoedanigheid as Lid hierdeur
gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

LID

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DIREKTEURE VAN

GEHOU TE _____

OP _____

OOREENGEKOM DAT:

1. Die MAATSKAPPY KOOP die volgende EIENDOM

van _____

vir die bedrag van R _____

2. Dat _____ in sy hoedanigheid as Direkteur hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

DIREKTEUR

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE TRUSTEES VAN

GEHOU TE _____

OP _____

OOREENGEKOM DAT:

1. Die Trust KOOP die volgende EIENDOM

van _____

vir die bedrag van R _____

2. Dat _____ in sy hoedanigheid as Trustee hierdeur gemagtig is om alle dokumente wat nodig is om uitvoering te gee aan die bogenoemde resoluëie, te onderteken en ten uitvoer te bring.

Gesertifiseer 'n ware afskrif,

TRUSTEE

4

DE KLERK & VAN GEND
The Vineyards Office Estate
99 Jip de Jager Avenue,
Vineyards Square North,
BELLVILLE
7530

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER
CORNELIA SUSANNA GERSBACH

Fee enforcement		Office fee
	Amount	
Purchase price/Value	R. 2 432 000,00	R. 1160,00
Mortgage capital Amount	R.	R.
Reason for exemption	Exempt i.t.o. Cat. Section Act.	

TRANSPORTAKTE

T 000028750 / 2015

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

JOLINE NORMAN

voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES te Kaapstad, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig, wyl hy as 'n Volmag aan hom verleen deur

Die Trustees indertyd van

DIE HARTEBEEKSLOOF TRUST

Registrasienommer IT116/87

DATA / VERIFY
22 JUN 2015
VAN TONDER ELIZABETH

DATA / CAPTURE
09 JUN 2015
NCAPAI LINDA

geteken te Porterville op 24 Maart 2015

En genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal, op 11 Maart 2015, waarlik en wettiglik verkoop by Privaat ooreenkoms, en dat hy, in sy voorgenoemde hoedanigheid hierby sêdeer en transporteer aan en ten gunste van

Die Trustees indertyd van DIE TWEEVLEI TRUST
Registration Number IT1377/96

diese Opvolgers in Amp of Regverkrygendes, in volkome en vrye eiendom

VW ½ (EEN HALWE) AANDEEL IN GEDEELTE 9 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 6) VAN DIE PLAAS VONDELING NOMMER 210,
GELEë IN DIE MUNISIPALITEIT BERGRIVIER,
AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP

GROOT 138,9895 (EEN HONDERD AGT EN DERTIG KOMMA NEGE AGT NEGE VYF) Hektaar

AANVANKLIK oorgedra kragtens Transportakte Nr T8680 gedateer 22 Desember 1933 met 'n Kaart daarby aangeheg en gehou kragtens Transportakte Nr. T100146/2006

- A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr. T8680 gedateer 22 Desember 1933.
- B. ONDERHEWIG VERDER aan die endossement op Transportakte Nr. T4976/1968 gedateer 5 Mei 1997 waarkragtens binnegemelde eiendom onderhewig is aan 'n Kraglynserwituut ten gunste van ESKOM met bykomende regte, no. K448/97S.

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

**Die Trustees indertyd van
DIE HARTEBEEKSKLOOF TRUST
Registrasienommer IT116/87**


voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat hulle geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

**Die Trustees indertyd van
DIE TWEEVLEI TRUST
Registrasienommer IT1377/96**


diese Opvolgers in titel of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken hulle dat die verkoopprijs die bedrag van R2 432 000,00 (Twee Miljoen Vier Honderd Twee en Dertig Duisend Rand) beloop. VW

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN VERLY op die Kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES te Kaapstad op 1 June 2015


q.q.

In my teenwoordigheid



REGISTRATEUR VAN AKTES



4

De Klerk & van Gend
The Vineyards Office Estate
99 Jip de Jager Avenue,
Vineyards Square North,
BELLVILLE
7530

Prepared by me


CONVEYANCER
CORNELIA SUSANNA GERSBACH

POWER OF ATTORNEY TO PASS TRANSFER

I, the undersigned

Joachim Paul Louw

duly authorised hereto by a resolution of the Trustees for the time
being of

DIE HARTBEESKLOOF TRUST

Registration Number IT116/87

acting in terms of Letters of Authority issued by the Master of the High
Court of South Africa Western Cape Division, Cape Town at Cape Town
on 16 March 1987

do hereby nominate and appoint ARNO WATSON and/or CORNELIA SUSANNA
GERSBACH and/or DAVID PAUL SMIT and/or HENDRIK PETRUS SERFONTEIN
and/or JACORINE ALIDA BOOYENS and/or JOLINE NORMAN and/or LYNNE
BOTHAS and/or MARISA KOORTS and/or MOGAMED FAIZEL BARDIEN

with power of substitution to be my true and lawful Attorney and Agent in my name,
place and stead to appear at the Office of the REGISTRAR OF DEEDS at Cape
Town or any other competent official in the Republic of South Africa and then and
there to act as my Attorney and Agent and to pass transfer to:

The Trustees for the time being of

DIE TWEEVLEI TRUST

Registration Number IT1377/96/

the property described as:

1/2 (ONE HALF) SHARE IN PORTION 9, (PORTION OF PORTION 6) OF FARM
VONDELING NUMBER 210,
SITUATED IN THE BERGRIVIER MUNICIPALITY, DIVISION PIKETBERG,
WESTERN-CAPE PROVINCE

IN EXTENT 138,9895 (ONE HUNDRED AND THIRTY EIGHT COMMA NINE
EIGHT NINE FIVE) Hectares

HELD BY Deed of Transfer Number T100146/2006

the said property having been sold by me on 11 March 2015, to the said
transferee/s for the sum of R2 432 000,00 (Two Million Four Hundred and Thirty
Two Thousand Rand);

and further cede and transfer the said property in full and free property to the said
Transferee; to renounce all right, title and interest which the Transferor heretofore
had in and to the said property, and generally, for effecting the purposes aforesaid,
to do or cause to be done whatsoever shall be requisite, as fully and effectually, to
all intents and purposes, as the Transferor might or could do if personally present
and acting therein; hereby ratifying, allowing and confirming all and whatsoever the
said Agent/s shall lawfully do or cause to be done in the premises by virtue of these
presents.

Signed at

Porterville


on

24 MARCH 2015

in the presence of the undersigned witnesses.

AS WITNESSES :


1.



2.

Francois van Zyl
Praktiserende Prokureur
en Aktebesorger RSA
Kommissaris van Ede
De Villiers - Van Zyl Ing
Voortrekkerstraat 76
Porterville

Joachim Paul Louw on behalf of DIE
HARTBEEKSKLOOF TRUST



FEE

260,00

Remek

TRANSPORTBESORGER
VERMEULEN SP

T 000100145 / 2006

TRANSPORTAKTE

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

LYNNE BOTHA

voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES, te KAAPSTAD, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom verleen deur

NICOLAAS WILLEM LOUW

Identiteitsnommer 450511 5005 08 8

Getroud buite gemeenskap van goed

geteken te PORTERVILLE op 16 Junie 2006.

DATA / VERIFY

30 JAN 2007

MAGAGULA Z

DATA / CAPTURE

24 JAN 2007

VERWEY T

diese Opvolgers in titel of Regverkrygendes,

EEN HALWE (1/2) AANDEEL IN GEDEELTE 9 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 6) VAN DIE PLAAS VONDELING NR 210, GELEë IN DIE MUNISIPALITEIT BERGRIVIER, AFDELING PIKETBERG, PROVINSIE WES-KAAP;

GROOT 138,9895 (EEN HONDERD AGT EN DERTIG KOMMA NEGE AGT NEGE VYF) Hektaar

AANVANKLIK oorgedra kragtens Transportakte Nr 8680 gedateer 22 Desember 1933 met 'n Kaart daarby aangeheg en gehou kragtens Transportakte Nr T4976/1968.

- A. ONDERHEWIG** aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr. 8680 gedateer 22 Desember 1933.
- B. ONDERHEWIG VERDER** aan die endossement op Transportakte nr. T4976/1968 gedateer 5 Mei 1997 waarkragtens binnegemelde eiendom onderhewig is aan 'n Kraglynserwituut ten gunste van ESKOM met bykomende regte, no. K448/97S. ✓

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

NICOLAAS WILLEM LOUW, Getroud soos vermeld

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat hulle geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

Die Trustees indertyd van TWEEVLEI TRUST Nr. IT1377/96


diese Opvolgers in titel of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken hulle dat die verkoopprijs die bedrag van **R187 950,00 (Een Honderd Sewe en Tagtig Duisend Nege Honderd en Vyftig Rand)** beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

Onderteken, verly en met die ampseël bekragtig op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Kaapstad op

13 Desember 2006
q.q.

In my teenwoordigheid



REGISTRATEUR VAN AKTES

KOOPOOREENKOMS

NICOLAAS WILLEM LOUW
ID Nr 450511/5005/08/8
as behoorlike gevolmagtigde van die
TWEEVLEI TRUST (IT Nr 1377/1996)
van TWEEVLEI, PORTERVILLE
(hierna genoem *Koper*)

en

JOACHIM PAUL LOUW (JNR)
ID Nr 620721/5026/08/4
as behoorlike gevolmagtigde van die
HARTEBEESKLOOF TRUST (IT Nr 116/1987)
van HARTEBEESKLOOF, PORTERVILLE
(hierna genoem *Verkoper*)

kom ooreen dat die KOOPSAAK deur die Verkoper aan die Koper verkoop word onderhewig aan die volgende voorwaardes en bepalinge:-

1. KOOPSAAK

Die KOOPSAAK, uitgesluit BTW indien van toepassing, bestaan uit en omvat d60741gende:-

- 1.1. Die plaasvaste eiendom bekend as "Poskantoor", Porterville, groot 151.6319 hektaar, v die bedrag van R 2 200 000 (twee miljoen twee honderd duisend Rand) meer spesifiek beskryf in transportakte (Nr 76186/97) as:-

*Restant van gedeelte 6 van die plaas Vondeling No.210, geleë in die Munisipaliteit
Bergrivier, Afdeling Piketberg, Provinsie Wes-Kaap
Groot 151.6319 hektaar;*

2. KOOPSOM & BETALING

Betaling van die KOOPSOM sal soos volg plaasvind:-

- 2.1. By registrasie van oordrag van eiendomsreg of 28 Februarie 2006 welke datum die vroegste is.

5. VOETSTOOTS

Behalwe vir soverre anders genoem in hierdie ooreenkoms word die genoemde eiendom asook alle onroerende verbeteringe en -toerusting daarop VOETSTOOTS, soos dit is, verkoop en die VERKOPER is nie verantwoordelik vir enige tekorte en/of gebreke nie.

6. JURISDIKSIE

Die partye stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof van die distrik waarin die eiendom geleë is, in enige verskil wat mag ontstaan as gevolg van hierdie ooreenkoms.

7. FINALE OOREENKOMS

Dit word hiermee duidelik verstaan dat hierdie OOREENKOMS onherroeplik is en dat by aanneme hiervan deur die KOPER en die VERKOPER, die koop van die eiendom voltooi is en nie gekanselleer of herroep of gewysig mag word nie tensy beide partye daartoe op skrif toestem.

8. VERSUIM

Indien die KOPER versuim om enige van die voorwaardes van hierdie verkoopakte op die vereiste datum te vervul of enige betaling op die betaaldatum te doen, het die VERKOPER, sy prokureur of agent die reg om of:

Die VERKOOPKONTRAK te kanselleer per aangetekende brief aan die KOPER, in welke geval die KOPER alle gelde wat aan die VERKOPER of sy agent hiervolgens inbetaal is, verbeur met voorbehoud van die VERKOPER en KOPER se wetlike regte en regsmiddele en die reg om skadevergoeding te eis.

of

Onmiddellike betaling van die hele KOOPPRYS en die nakoming van alle voorwaardes daarvan te eis.

9. ALGEMENE BEPALINGS

- 9.1. Die VERKOPER waarborg dat geen serwitute ten opsigte van die Eiendom, wat nie in die huidige titelakte vermeld word verleen is nie.
- 9.5. Aangesien die huur onderneming as 'n lopende saak oorgeneem word, sal oornome van die besigheid op 28 Februarie 2006 plaasvind.

Aldus geteken op hierdie 2de... dag van **DESEMBER 2005** te **PORTERVILLE** in die teenwoordigheid van die mede-ondertekende belangelose getuies.

1 GS 

14

VanderSpuy Cape Town

Tel: 419 3622

AC/MYTRANSPORTE/HARTEBEESKLOOF:TRP

Opgestel deur my,

Transportbesorger
DE WAAL ESTERHUYSE

FEE

R. 650,00

VERBIND

MORTGAGED

VIR

FOR R. 1200 000,00

B 000018245 / 2006

24 FEB 2006

REGISTRATEUR/REGISTRAR

VERBODEN OM TE KYK ELANDER
FOR INFORMATION ONLY PAGE 4

T000013192 / 2006

TRANSPORTAKTE

Hiermee word bekend gemaak dat

DE WAAL ESTERHUYSE LESTER ELEAZAR KLUE
Transportbesorger

voor my, Registrateur van Aktes in Kaapstad, verskyn het, behoorlik daartoe
gemagtig deur 'n Volmag ten gunste van hom verly te PORTERVILLE
op die 14 dag van Desember 2005 deur

HARTEBEESKLOOF TRUST
IT 116/1987

DATA / VERIFY

31 MAR 2006

VERWEY T


DATA / VERIFY

28 MAR 2006

BARLOW PA

DIE KOMPARANT ALDUS GEMAGTIG HET VERKLAAR DAT:

NADEMAAL/...

VENDED		MORTGAGED	
VSD FOR R 2 400 000,00			
B 000012414/2015			
15 MAY 2015			
REGISTRATION			

354

REGISTRATION

CHARGED

15

--

NADEMAAL die hiernavermelde eiendom waarlik en wettiglik verkoop is aan die hiernavermelde Transportnemer/s op **2-Desember 2005**

NOU DERHALWE sedeer en transporteer die Komparant in sy voormelde hoedanigheid hiermee in volle en vrye eiendom aan en ten gunste van

DIE TWEEVLEI TRUST
IT 1377/1996

Sy Erfgename, Eksekuteurs Administrateurs of Gemagtigdes:

RESTANT VAN GEDEELTE 6 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 2) VAN DIE PLAAS
VONDELING NO 210
in die Munisipaliteit Bergrivier
Afdeling Piketberg, Wes-Kaapprovinsie

GROOT: 151,6319 (EENHONDERD EEN EN VYTIG KOMMA SES DRIE EEN
NEGE) HEKTAAR

AANVANKLIK OORGEDRA KRAGTENS TRANSPORTAKTE NR T5189/1905
MET 'N KAART DAARAAN GEHEG EN GEHOU KRAGTENS
TRANSPORTAKTE NR T76186/1997.

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportaktes nrs 2890 en 2891 gedateer 9 April 1918.

B. ONDERHEWIG VERDER KRAGTENS Notariële akte nr K836/97 aan 'n ewigdurende serwituut van elektriese kragleiding ten gunste van Eskom soos blyk uit die aantekening aangebring op Transportakte nr T19130/1981.

X

WESHALWE die Komparant afstand doen van al die regte en titel wat die gesegde

TRANSPORTGEWER/S

voorheen op genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat hy/sy/hulle/dit geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

TRANSPORTNEMER/S

Sy Erfgename, Eksekuteure, Administrateure of Gemagtigdes tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken hy dat die koopsom ten bedrae van **R2 200 000,00 (TWEË MILJOEN TWEEHONDERDDUISEND RAND)** behoorlik betaal of verseker is.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde REGISTRATEUR, tesame met die KOMPARANT hierdie Akte onderteken en dit met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN VERLY op die Kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES TE KAAPSTAD op hede die 24 Februarie dag van 2006.



q.q. SY PRINSIPAAL

In my teenwoordigheid


REGISTRATEUR VAN AKTES